# Votum

**Ds.**: Ons kom vandag saam in die Naam van die Here — die God wat, selfs wanneer Sy Naam nie genoem word nie, steeds teenwoordig is, werkend in die agtergrond van ons lewens. Soos Ester in die paleis, is ons geroep vir 'n tyd soos hierdie.

**Gemeente**: Ons oë is gerig op die Here, ons Skepper en ons Redder.

# Seëngroet



# FLAM 394

Wie regeer, wie is in beheer?
Wie’s die begin en die einde,
die Een wat was, wat is,
en wat kom?

My hart wil sing,
alle eer wil ek bring.
Hy’s die Weg en die Waarheid,
daar’s niemand,
daar’s niemand soos Hy.

Lig jou hande na bo (sing halleluja)
gee eer aan Hom (halleluja).
Ons Koning kom,
loof sy heilige Naam.
Lig jou hande na bo (sing halleluja)
vertrou op Hom (halleluja).
Ons Koning kom,
Hy kom om ons te haal.

Elke knie sal buig
en elke tong sal getuig:
Hy’t die dood vir ewig oorwin,
Hy’t opgestaan.

Lig jou hande na bo (sing halleluja)
gee eer aan Hom (halleluja).
Ons Koning kom,
loof sy heilige Naam.
Lig jou hande na bo (sing halleluja)
vertrou op Hom (halleluja).
Ons Koning kom,
Hy kom om ons te haal.

In ’n donker wêreld vra almal,
wie sal die volk kom lei?
Dis die Ruiter op die wit perd,
Hy kom, Hy kom vir jou en my.

Lig jou hande na bo (sing halleluja)
gee eer aan Hom (halleluja).
Ons Koning kom,
loof sy heilige Naam.
Lig jou hande na bo (sing halleluja)
vertrou op Hom (halleluja).
Ons Koning kom,
Hy kom om ons te haal.

# Ester



A. Die feeste van Ahasveros: Ester in Vasti se plek (1:1-2:18)

B. Mordegai openbaar sameswering teen Ahasversos (2:19-23)

C. Die bevel om die Jode uit te roei (3:1-15)

D. Voorbereiding vir voorspraak by Ahasveros (4:1-5:8)

E. Haman beplan Mordegai se dood (5:9-14)

F. AHASVEROS VEREER MORDEGAI (6:1-14)

e. Haman aangekla en gedood (7:1-8:2)

d. Voorspraak by Ahasveros (8:3-6)

c. Die bevel dat die Jode weerstand kon bied (8:7-17)

b. Mordegai wreek die sameswering teen die Jode (9:1-19)

a. Die Purimfees: Mordegai in Haman se plek (9:20-10:3)

4:1. Toe Mordegai hoor wat gebeur het, het hy sy klere geskeur en rouklere aangetrek en as op sy kop gegooi. Hy het deur die stad geloop en hard en bitterlik gekerm. 2. So het hy tot by die poort van die paleis gegaan. Niemand kon met rouklere aan by die poort ingaan nie.

9-11 12-14

12. Die boodskap van Ester is aan Mordegai oorgedra, 13. en hy het haar geantwoord: “Moenie dink net jy van al die Jode sal vrykom omdat jy in die koning se paleis is nie. 14. As jy nóú swyg en daar kom van 'n ander kant af uitkoms en redding vir die Jode, sal jy en jou familie omkom. **Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!”** 15. Ester het toe vir Mordegai laat weet: 16. “Gaan maak al die Jode wat in Susan is, bymekaar en vas ter wille van my. Julle moet drie dae, dag en nag, niks eet en drink nie. Ek en my kamerpersoneel sal ook vas. Daarna sal ek na die koning toe gaan, al is dit teen die wet. As ek moet omkom, moet ek maar omkom.”

17

5:1. Op die derde dag het Ester haar koninklike klere aangetrek en in die binneste voorhof van die paleis gaan staan, regoor die ontvangsaal van die koning. Die koning was op die troon in die ontvangsaal regoor die ingang. 2. Toe hy koningin Ester in die voorhof sien staan, het sy hom so bekoor dat hy die goue septer wat in sy hand was, na haar toe uitgesteek het. Ester het nader gekom en die punt van die septer aangeraak. 3. Die koning sê toe vir haar: “Wat kan ek vir jou doen, koningin Ester? Wat is jou versoek? Al is dit ook die helfte van my koninkryk, dit sal vir jou gegee word.” 4. Toe sê Ester: “As u dit goedvind, kom dan vandag saam met Haman na 'n maaltyd toe wat ek vir u voorberei het.”

5. Die koning beveel toe: “Bring gou vir Haman dat ons kan doen wat Ester vra.” Die koning en Haman is toe na die maaltyd toe wat Ester voorberei het. 6. Terwyl hulle wyn drink, vra die koning vir Ester: “Wat is dit wat jy wil vra? Dit sal vir jou gegee word. Wat is jou versoek? Al is dit ook die helfte van my koninkryk, dit sal toegestaan word.” 7. Ester het geantwoord: “My wens en my versoek is soos volg: 8. as die koning my goedgesind is, en as die koning dit goedvind om aan my wens te voldoen en my versoek toe te staan, kom dan môre saam met Haman na die maaltyd toe wat ek vir u sal berei. Dán sal ek my wens aan die koning bekend maak.”

A. Die feeste van Ahasveros: Ester in Vasti se plek (1:1-2:18)

B. Mordegai openbaar sameswering teen Ahasversos (2:19-23)

C. Die bevel om die Jode uit te roei (3:1-15)

D. Voorbereiding vir voorspraak by Ahasveros (4:1-5:8)

E. Haman beplan Mordegai se dood (5:9-14)

F. AHASVEROS VEREER MORDEGAI (6:1-14)

e. Haman aangekla en gedood (7:1-8:2)

d. Voorspraak by Ahasveros (8:3-6)

c. Die bevel dat die Jode weerstand kon bied (8:7-17)

b. Mordegai wreek die sameswering teen die Jode (9:1-19)

a. Die Purimfees: Mordegai in Haman se plek (9:20-10:3)

- Haman - selfvoldaan na die ete - loop by poort verby en weer wil Mordegai nie voor hom buig nie.
- Op Haman se vrou en raadgewers se aanbeveling bou hy ‘n galg waaraan hy Mordegai wil ophang.
- Daardie nag kon die koning nie slaap nie en vra dat die anale na hom gebring moet word. Daarin lees hy van Mordegai wat sy lewe gered het en besef hy hom nog nooit daarvoor vereer het nie.
- Op daardie oomblik is Haman by die deur om die koning te kom vra of hy Mordegai kan doodmaak. Die koning spring hom voor en vra hoe hy ‘n amptnaar wat goed gedoen het kan vereer. Hy dog dit kan net hy wees en gee sy voorstel.

6:10. Toe sê die koning vir Haman: "*Vat dadelik die kleed en die perd en maak soos jy voorgestel het met die Jood Mordegai wat in die poort van die paleis sit. Jy moet niks nalaat van wat jy voorgestel het nie*." 11. Haman het toe die kleed en die perd gevat, die kleed vir Mordegai aangetrek, hom oor die stadsplein laat ry en voor hom uitgeroep: "*So word gemaak met iemand aan wie die koning graag eer wil bewys!*"

1. Die koning en Haman het by koningin Ester gekom om saam met haar te eet. 2. Terwyl hulle by hierdie tweede geleentheid besig was om wyn te drink, vra die koning weer vir Ester: “Wat is dit wat jy wil vra? Dit sal vir jou gegee word. Wat is jou versoek? Al is dit ook die helfte van die koninkryk, dit sal toegestaan word.” 3. Koningin Ester antwoord toe: “*As die koning my goedgesind is, en die koning dit goedvind, laat my en my volk toe om te bly lewe. Dit is my wens en my versoek. 4. Ek vra dit, want ons, ek en my volk, is verkoop om voor die voet uitgeroei te word. Was ons maar net as slawe en slavinne verkoop, sou ek stilgebly het, want dan sou die ramp nie soveel skade aan die koning se belange veroorsaak het nie.*”

5. Toe vra koning Ahasveros vir koningin Ester: “Wie is dit wat so iets beplan, en waar is hy?” 6. en Ester antwoord: “Die teëstander en vyand is hierdie lae mens, hierdie Haman.” Haman het groot geskrik daar in teenwoordigheid van die koning en koningin. 7. Die koning het woedend van die ete af opgestaan en na die tuin van die paleis toe gegaan. Haman het egter bly staan om by koningin Ester om sy lewe te smeek, want hy het gesien dat die koning klaar oor sy ondergang besluit het. 8. Net toe Haman neerval op die rusbank waarop Ester sit, kom die koning uit die tuin van die paleis terug in die saal waar die maaltyd gegee is. Toe sê die koning: “Wil jy nou ook nog die koningin hier by my in die paleis aanrand?” Skaars het die koning dit gesê, of sy dienaars het vir Haman kom blinddoek.

A. Die feeste van Ahasveros: Ester in Vasti se plek (1:1-2:18)

B. Mordegai openbaar sameswering teen Ahasversos (2:19-23)

C. Die bevel om die Jode uit te roei (3:1-15)

D. Voorbereiding vir voorspraak by Ahasveros (4:1-5:8)

E. Haman beplan Mordegai se dood (5:9-14)

F. AHASVEROS VEREER MORDEGAI (6:1-14)

e. Haman aangekla en gedood (7:1-8:2)

d. Voorspraak by Ahasveros (8:3-6)

c. Die bevel dat die Jode weerstand kon bied (8:7-17)

b. Mordegai wreek die sameswering teen die Jode (9:1-19)

a. Die Purimfees: Mordegai in Haman se plek (9:20-10:3)

Slawe van omstandighede?

Het die Here dan van ons vergeet?



# In die boek Ester is dit presies wat gebeur het



Haman se politieke ambisie verteenwoordig  die krisis

# Tog is Sy hand duidelik sigbaar?





# ‘n Oproep tot moed & aksie

Amper soos in tyd van die volk in Egipte

Mordegai doen iets



# ‘n Oproep tot moed & aksie

*“Wie weet, miskien is dit juis vir 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het.”*



# ‘n Oproep tot moed & aksie

God se plan is groter as ons



# ‘n Oproep tot moed & aksie

Jy is ook in
‘n posisie
van invloed



# Moed vra altyd afhanklikheid

# Moed hou altyd risiko in



*"As ek omkom, dan kom ek om"*

In 'n wêreld waar mense dikwels stilbly uit vrees ...

... word ons geroep om op te staan

# Moed hou altyd risiko in



Dit vra moed om ’n ander pad te loop, om hoop te verkondig waar daar wanhoop is, om lig te wees in donker tye, om ‘n kind aan te spreek.

# Roeping is nie net vir konings en koninginne nie



Nie slawe wat uitgelewer is aan omstandighede nie, maar groep om betrokke te wees by omstandighede



# Geroep deur God vir ‘n tyd soos hierdie





# Die kerk se roeping vandag…

- Waar is God besig om of het Hy jou reeds geplaas?
- Wat is die “*tyd soos hierdie*” waarin jy geroep word om op te staan?
- Hoe kan jy, soos Ester, jou plek inneem — nie met vrees nie, maar met geloof?

# VONKK 243:1

Laat my nooit die grond verlaat nie.

Laat my in u skadu bly.

Gee dat elke aardse vreugde en vrees

eind’lik nietig word vir my.

VONKK 243:1
(vervolg)

Elke afdraaipaadjie ken ek.

Elke keer het ek gedwaal.

Elke keer het U my iewers kom haal.

Maak dit, Heer, die laaste maal.

VONKK 243:2

Elke dag is ’n gedagte,

elke kamer net gehuur.

Elke aardse droom van rykdom en roem,

net ’n skadu teen die muur.

VONKK 243:2
(vervolg)

Wat ek is, is net genade,

wat ek het, is net geleen.

Eintlik smag ek na u waters van rus.

Lei my, Heer, vanaand daarheen.

# Seën

Mag jy die moed hê om op te staan vir waarheid, om stil te wees wanneer nodig, en om te praat wanneer dit lewe bring.
Die Here se hand is oor jou, Sy plan werk deur jou, en Sy teenwoordigheid gaan voor jou uit.
Amen.